higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5050022)

2 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

158Q1S2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... verwys na geleidelike veranderinge wat oor geslagte in 'n bevolking plaasvind.

A Sosiale kapitaal
B Evolusie
C Bevrugting
D Willekeurige beweging

1.1.2 Verskynsels van 'n organisme se fisieke voorkoms, gedrag en eienskappe staan bekend as ...

A karaktertrekke.
B gene.
C DNA.
D gewoontes.

1.1.3 Daardie deel van die brein wat met abstrakte denke help:

A Voorste
B Linker-
C Agterste
D Regter-

1.1.4 Die breinstam beheer 'n persoon se ... spiere.

A been-
B willekeurige
C onwillekeurige
D arm-

1.1.5 Die senuweestelsel bestaan uit miljoene ... wat baie klein selle is.

A neurons
B aksone
C dendriete
D sinapse

1.1.6 Die vierde vlak van Maslow se behoeftehiërargie:

A Samehorigheid
B Fisiek
C Sosiaal
D Ego

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Wanneer jy die waarde van materiale of metodes beoordeel:

A Kennis
B Analise
C Sintese
D Evaluering

1.1.8 'n Alfabetiese lys van al die bronne wat jy in jou navorsing gebruik het:

A Bibliografie
B Plagiaat
C Aanhaling
D Inhoudsopgawe

1.1.9 Volgens die Grondwet is 'n kind 'n persoon onder die ouderdom van ... jaar.

A 7
B 16
C 21
D 18

1.1.10 Eenvoudige koolhidrate sluit in ...

A grondboontjies.
B koekies.
C appelkose.
D jogurt.

1.1.11 Geestelike ontwikkeling verwys na die ... aspekte van die kind.

A fisieke
B intellektuele
C emosionele
D morele

1.1.12 Volgens die NKR is vlakke 2 tot 4 gelykstaande aan Grade ...

A 10 tot 12.
B 8 tot 10.
C 9 tot 11.
D 5 tot 7.

1.1.13 Die ... maak deel uit van die kind se chronosisteem.

A onmiddellike familie
B onderwyser
C tydsberekening van dood van 'n ouer
D ouer se werkskedule

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Toelaes wat betaal word aan tydelike versorgers van kinders wat deur die hof by hulle geplaas word:

A Pleegsorgtoelaag
B Aannemingstoelaag
C Ouderdomstoelaag
D Afhanklikheidstoelaag

1.1.15 Lewe begin by ...

A bevrugting.
B geboorte.
C kleuterskool.
D dood.

1.1.16 Onderwys is die proses waarvolgens ... van een party aan 'n ander oorgedra word.

A eienskappe en waardes
B kennis en vaardighede
C sedes se waardes
D vaardighede en eienskappe

1.1.17 Goed opgeleide personeellede sal ...

A nie tyd en geld bespaar nie.
B onsekerheid onder werknemers skep.
C 'n negatiewe atmosfeer skep.
D groter produktiwiteit teweeg bring.

1.1.18 Die etiese verantwoordelikhede van 'n opvoeder sluit in ...

A om die waardes en regte van andere te handhaaf.
B om kos vir arm kinders te koop.
C die reg op vakansie.
D die reg om die MIV-status van leerders te weet.

1.1.19 ... verwys na identiteit volgens die land waarin jou geboorte geregistreer is.

A Beginsel
B Oorerwing
C Nasionaliteit
D Gene

1.1.20 Die ... speel 'n groot rol in die vrystelling en beheer van hormone in ons liggaam.

A pituïtêre klier
B hipotalamus
C talamus
D breinstam

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die vak Menslike en Sosiale Ontwikkeling kyk na maniere waarop groepe mense in samelewings funksioneer.

1.2.2 Opvoeding en onderrig word nie geraak deur menslike kwessies en veranderinge wat in die breër omgewing plaasvind nie.

1.2.3 Kurrikulum verwys na 'n studiekursus wat die vakke aandui wat deur 'n skool of kollege onderrig word.

1.2.4 Formele onderrig sluit in die onderrig wat spruit uit ervarings waaraan leerders tydens klastydaktiwiteite blootgestel is.

1.2.5 Op die oomblik wat bevrugting plaasvind, is die embrio se genetiese samestelling volledig, insluitend die geslag.

1.2.6 'n Introvert verwys na 'n persoon wat nie baie uitgaande is nie en sy of haar eie geselskap bo dié van andere verkies.

1.2.7 Omega 6-vetsure word in avokadopere en sonneblomsade aangetref.

1.2.8 Die groei van 'n fetus kan nie deur 'n moeder se buie en houding jeens haar baba beïnvloed word nie.

1.2.9 Rubrieke, tabelle en kontrolelyste is nuttige besinningsmiddele wat in onderrig gebruik kan word.

1.2.10 Oop vrae laat slegs die opsie vir antwoorde soos 'ja' of 'nee'.

1.2.11 Een van die oogmerke van die Departement van Maatskaplike Dienste is om tuis- en gemeenskapgebaseerde MIV- en Vigsdienste te lewer.

1.2.12 Volgens Witskrif 6 word outisme nie as 'n spesiale behoefte geklassifiseer nie.

1.2.13 'n Hiërargie is 'n manier waarvolgens faktore in volgorde van belangrikheid georganiseer word.

1.2.14 Affektiewe verwys na emosionele vaardighede, gesindhede en oortuigings.

1.2.15 Batho Pele is een van die beginsels van sosiale ontwikkeling.

1.2.16 Die Wet op Gesinsgeweld 166 van 1998 maak voorsiening vir die beskerming van slagoffers van misdaad in die huishoudelike omgewing.

Kopiereg voorbehou

1.2.17 Besinning, nabootsing en ondervinding sal leer bevorder.

1.2.18 Praktiese bevoegdheid behels dat jy begrip toon vir dit wat jy doen en waarom jy dit doen.

1.2.19 Praktisyns moet vir hul eie handelinge verantwoordelik wees en volle verantwoordelikheid aanvaar vir die werk wat hulle onderneem.

1.2.20 Opleiding hou gewoonlik verband met die voorbereiding van mense om in 'n werksplek te funksioneer.

(20 × 1) (20)
[40]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Mense van ongeveer dieselfde ouderdom	A	ombudspersoon
2.1.2	'n Groep mense wat deur minstens een eienskap met mekaar verbind is	B	parlement
2.1.3	Neutrale persoon wat klagtes ondersoek en oplos	C	struikelblok
2.1.4	Versperring of uitdaging wat verhoed dat iets anders gebeur	D	generasie
2.1.5	Die nasionale wetgewer wat wette vir die land maak	E	fetus
2.1.6	Iets wat 'n proses begin of 'n reaksie aan die gang sit	F	sigoot
2.1.7	Toestand waaraan babas van moeders ly wat tydens swangerskap baie gedrink het	G	gemeenskap
2.1.8	Embrio wat tussen 9 en 12 weke van ontwikkeling is	H	identiteit
2.1.9	Eienskappe en hoedanighede wat mense het wat hulle anders as ander mense maak	I	stimulus
2.1.10	Om nuwe idees te genereer, hetsy in 'n groep of individueel	J	fetalealkohol-sindroom
		K	dinkskrum

(10 × 1) (10)

2.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.2.1 Die wet wat daarvoor voorsiening maak om die lewens van bejaardes in Suid-Afrika te verbeter

2.2.2 Sterk vrees vir of afkeer van mense van ander lande

2.2.3 Die hulplyn wat onmiddellike bystand en berading aan kinders en gesinne verleen wat 'n krisis beleef

2.2.4 Die vermoë om emosionele en fisiese liefde te gee en te ontvang

2.2.5 'n Ander naam vir glukose

2.2.6 Kort tydperke wanneer die brein ontvanklik is om 'n sekere vaardigheid te ontwikkel

2.2.7 Die militêre vleuel binne die ANC wat in 1961 gestig is

2.2.8 Die vertakte uitbreidings van senuweeselle wat elektriese seine ontvang en gelei

2.2.9 Wanneer mense van ander lande hulle in 'n nuwe land tuismaak, politieke beheer vestig en hul hulpbronne gebruik om die land te ontwikkel

2.2.10 Die energiekomponent van 'n dieet

(10 × 1) (10)
[20]


TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die diagram van Bloom se kognitiewe domein en beantwoord die vrae.



3.1.1 Noem die tweede vlak van die hiërargie, wat A benoem is, en verduidelik die betekenis daarvan. (1 + 2) (3)

3.1.2 Noem die derde vlak van die hiërargie, wat B benoem is, en verduidelik die betekenis daarvan. (1 + 2) (3)

3.1.3 Onderskei tussen die terme *analise* en *sintese*. (2 × 2) (4)

3.2 Bepaal die kognitiewe vlak van Bloom se hiërargie wat in elk van die volgende opdragte na vore kom:

3.2.1 Bereken die persentasie mense in Suid-Afrika wat in armoede leef.

3.2.2 Identifiseer die verskillende dele van die liggaam.

3.2.3 Gee die verskille tussen 'n donkie en 'n koei.

3.2.4 Bepaal die waarde van besinning in onderwys.

3.2.5 Ontwerp 'n buitelugspeelarea vir 'n kleuterskool.

3.2.6 Som 'n boek in drie bladsye op.

3.2.7 Beoordeel of 'n skool veilig vir leerders met gestremdhede is.

3.2.8 Pas kennis toe op 'n scenario wat aangebied word.

(8 × 1) (8)

3.3 Definieer die volgende begrippe:

3.3.1 Bevoegdheid

3.3.2 Besinnende toepassing

3.3.3 Hoofstroming

3.3.4 Aanhaling


(4 × 2) (8)

3.4 Noem TWEE redes waarom dit belangrik is om verwysings in jou werk te gebruik. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



[Bron: https://humanbrain.com/images]

4.1.1 Noem die verskillende dele van die brein, soos in die bostaande illustrasie aangedui. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer. (5)

4.1.2 Noem watter EEN van jou vyf sintuie negatief beïnvloed word as die volgende lobbe beskadig word:

(a) Oksipitale lob

(b) Temporale lob (2 × 1) (2)

4.1.3 Evalueer die belangrikheid van goeie voeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind se brein. (3)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Kenners sê die belangrikste tyd vir visuele en ouditiewe ontwikkeling is van geboorte tot die ouderdom van vyf jaar. Die ontwikkeling van 'n kind se vermoë om te sien en te hoor is uiteraard uiters belangrik, omdat dit hulle in staat stel om die wêreld rondom hulle waar te neem en in interaksie daarmee te tree.

4.2.1 Beskryf jou begrip van die term *ouditiewe ontwikkeling.* (2)

4.2.2 Is dit belangrik om 'n baba se visuele en ouditiewe sintuie te stimuleer? Staaf jou antwoord. (1 + 3) (4)

4.2.3 Stel VIER maniere voor waarop 'n ouer 'n baba se visuele en ouditiewe sintuie kan stimuleer. (4)

4.3 Onderskei tussen *kognitiewe* en *fisieke ontwikkeling*. (2 × 2) (4)

4.4 Selfverwesenliking is die laaste stadium van Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes.

4.4.1 Verduidelik die betekenis van selfverwesenliking. (2)

4.4.2 Noem VIER eienskappe wat verbind kan word met 'n persoon wat selfverwesenliking bereik het. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

> Palesa is 'n 16-jarige MIV-positiewe meisie wat in 'n kinderhuis woon. Sy herhaal Graad 7 aan die plaaslike laerskool. Haar tweelingsuster, Genine, is 'n leerling aan die plaaslike hoërskool en is in Graad 10. Hoewel Genine nie met skoolwerk sukkel nie, is sy bekend in die skool weens gedragsprobleme. Sy ly aan tering en sukkel gevolglik met haar algemene gesondheid. Genine ontvang berading by die maatskaplike werker van die kinderhuis en dit lyk asof dit help. Palesa en Genine het goeie maats in die skool wat hul belangstellings en eienskappe deel. Die kinders in die kinderhuis is uiteenlopend, maar hulle deel almal die hulpbronne in die huis en het dieselfde behoeftes.

5.1.1 Identifiseer DRIE spesiale behoeftes uit die bostaande scenario. (3 × 2) (6)

5.1.2 Noem TWEE opvoedkundige regte, soos in die Handves van Regte vervat, wat leerders soos Palesa en Genine het. (2 × 2) (4)

5.2 Verduidelik die volgende terme:

5.2.1 Aanneming

5.2.2 Berading

5.2.3 Diversiteit

5.2.4 Sosiale uitsluiting

(4 × 2) (8)

5.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Die dorp waar die eerste diamante in Suid-Afrika aangetref is	A	Mfekane
5.3.2	Die verskuiwing van swakker gemeenskappe deur Tsjaka	B	die Groot Trek
5.3.3	Wit boere en arbeiders het na die noorde en ooste van Suid-Afrika getrek om politiek onafhanklik te wees	C	Swart Grond Wet
5.3.4	Apartheidsmisdade word gehanteer	D	Kimberley
5.3.5	Die eerste skeidingswet in Suid-Afrika	E	Die Waarheids-en-versoeningskommissie
5.3.6	'n Verkiesing waartydens al die mense in die land vry is om te stem	F	provinsiale hof
5.3.7	Belangrike veranderinge in 'n land se politieke stelsel wat deur middel van samesprekings en besprekings plaasvind	G	Johannesburg
5.3.8	Die beweging wat hom vir swart selfonderhoud beywer het en geweier het om met die regering en tuislandleiers saam te werk	H	onderhandelde revolusie
		I	swart bewussyn
		J	demokratiese

(8 × 1) (8)

5.4 Bespreek die beleid van insluiting soos in die Witskrif 6 uiteengesit. (2 × 2) (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Volgens die teorie van meervoudige intelligensies het mense nie een algemene onderliggende intelligensie nie. In plaas daarvan is daar agt belangrikste areas van intelligensie.

6.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

6.1.1 Mense met ... intelligensie het baie goeie kommunikasie-vaardighede.

6.1.2 Mense wat goed met berekenings is, het ... intelligensie.

6.1.3 Mense wat in die plante- en diereryk belangstel, het ... intelligensie.

6.1.4 Mense wat in beelde dink, het ... intelligensie.

(4 × 1) (4)

6.2 Gee EEN aanbevole loopbaan vir mense met elk van die bostaande intelligensies. Noem duidelik die onderskeie intelligensie en die aanbevole loopbaan. (4)

6.3 Die kind se onmiddellike familie, gemeenskap, omgewing en samelewing rig sy of haar ontwikkeling. Veranderinge wat op een laag plaasvind, sal die ander lae beïnvloed en in invloed op die kind se lewe hê.

6.3.1 Wie het die ekologiesestelsel-model ontwikkel? (1)

6.3.2 Watter EEN van die vyf stelsels van die ekologiesestelsel-model is noodsaaklik vir 'n jong kind om holisties te ontwikkel? Staaf jou antwoord. (1 + 3) (4)

6.3.3 Evalueer die belangrikheid van kommunikasie tussen belanghebbendes van die verskillende mikrosisteme in die kind se lewe. (3)

6.3.4 Bespreek die belangrikheid van sosiale ontwikkeling op die politieke en opvoedkundige gebied in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

6.3.5 Watter invloed kan die *kurrikulum van die huis* op 'n kind se gedrag hê? (2 × 2) (4)

6.4 Wat kan ouers doen om die kognitiewe en affektiewe ontwikkeling in hul kinders aan te moedig? (3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou